ONS VERHOUDING MET GOD (3)

TEMA: LAAT GOD JOU HART *VERANDER*

26 Maart 2006, Ds Freddie Schoeman

[1]SEATLE, Washington, VSA: 'n Man het ses mense - almal tieners - by 'n partytjie doodgeskiet voordat hy sy eie lewe geneem het. Nog twee mense is gewond.

[2]Franse taalpolitiek het Donderdag ’n ekonomiese vergadering van die Europese Unie oorheers nadat pres. Jacques Chirac van Frankryk uit ’n vergadering gestorm het omdat die Franse spreker daarop aangedring het om Engels te praat.

[3]Die man wat daarvan verdink word dat hy Donderdagoggend sy saamblyvrou met ’n mes vermoor het voordat hy haar familiehuis aan die brand gesteek het, is onlangs op parool uit die tronk vrygelaat nadat hy ses jaar tronkstraf weens aanranding op haar uitgedien het.

[4]Twee seuntjies van Rayton, oos van Pretoria, se sussie se babakatjie is voor hul oë deur hul buurman uit 'n boom geskiet en daarna vir sy groot hond gegooi wat dit doodgebyt het.

Wanneer ek nuusberigte lees en sien wat mense soms doen, dan wonder ek altyd: Wat motiveer mense? Wat maak dat hulle doen wat hulle doen?

Jesus het natuurlik 'n baie duidelike antwoord hierop gehad:

> *14 Daarna het Jesus weer die menigte nader geroep en vir hulle gesê: “Luister julle almal hier na My en verstaan dit goed: 15 Niks wat van buite af in ’n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit ’n mens uitkom, dit maak hom onrein.” 16*
> *17 Toe Hy van die menigte af weer huis toe gegaan het, het sy dissipels Hom oor hierdie beeldspraak uitgevra. 18 Hy sê toe vir hulle: “So, dan verstaan julle dit ook nie? Begryp julle nie dat niks wat van buite af in ’n mens ingaan, hom onrein kan maak nie, 19 omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?” Daarmee het Hy alle kos rein verklaar. [5]*
> *20 “Maar,” het Hy verder gesê, “wat van binne af uit ’n mens kom, dit maak ’n mens onrein. 21 Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal,*

> *moord, [22] owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid. [23] Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein."* (Markus 7:14-23)

Ons is besig met 'n reeks oor ons vehouding met die Here. Ons het gekyk na die fondament / konteks / en nou: potensiaal.

[6]Tema vanoggend is: *Laat God jou hart VERNUWE*

Die woord hart in die Bybel is 'n baie belangrike woord. Dit word 'n bietjie anders in die Bybel gebruik as waaraan ons as westerlinge gewoond is. Ons sê ons dink met ons kop en ons voel met ons hart. [7]Maar volgens die Bybel is die hart die setel van beide ons denke en ons gevoelens, maar meer belangrik, ook van ons wil.

So, met ons hart dink ons, voel ons, besluit ons. Ons kan sê dat die hart die beheersentrum van ons lewens is. Die volgende vers illustreer dit ook. [8]

> *[45] Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor."* (Lukas 6:45)

Ons harte beheer ons lewens. Daarom waarsku die Spreuke-skrywer in 4:23: [9]

> *[23] Wees veral versigtig*
> *met wat in jou hart omgaan,*
> *want dit bepaal jou hele lewe.*

Ons gedrag word bepaal deur wat ons dink, voel en besluit. Dit werk so: ons dink aan 'n bepaalde ding (of: 'n sekere saak kom in ons gedagtes op); ons koppel onmiddellik 'n gevoel aan hierdie gedagte - die gedagte kan ons opgewonde maak, dit kan ons hartseer maak, dit kan ons kwaad maak, dit kan meegevoel in ons opwek, of dit kan ons neerslagtig of terneergedruk maak. En dan reageer ons daarop: ons besluit om iets te doen of ons besluit om nie iets te doen nie.

Byvoorbeeld: ons is besig om rugby te kyk. Die Bulls speel. Ons sien hoe die Bulls 'n drie druk en die TV wys duidelik dat dit 'n drie was. OPGEWONDE EN BLY! Maar dan word die drie nie toegeken nie. WOEDE, VERONREGTING. En dan die reaksie: ek skop die hond, ek skree op my vrou / kinders.

So: dink --> voel --> (besluit) doen / nie doen.

Hoekom lyk die wêreld soos wat dit lyk? (Vgl die berigte aan die begin) Die toestand van die wêreld is 'n refleksie van die toestand van mens se harte: hulle denke, hulle gevoelens wat dan uitloop op dade.

Wat ons nodig het, is nuwe harte. Ons het 'n hartoorplanting nodig.

Kom ons kyk na die drie komponente van ons harte afsonderlik: [10]

- GEDAGTES

Ons gedagtes word gevul met hoofsaaklik drie dinge: inligting, idees en beelde. Ons neem informasie in en met daardie informasie tot ons beskikking vorm ons idees en beelde oor God / onsself / ander mense / die wêreld.

Waar kry ons inligting? Wel ons kry inligting hoofsaaklik deur ons -->sintuie (sien, hoor, proe, voel, ruik). Ons kyk TV, lees boeke / koerante, luister na lesings, radio. Ons kry inligting ook uit -->ervarings waardeur ons gaan - as babas, as kinders, as tieners, as volwassenes. En ons kry ook inligting uit ons -->interaksie met mense - wat hulle vir ons sê en wat hulle (aan ons) doen.

Ons neem hierdie inligting in dan begin ons dit verwerk. Ons dink daaroor en deur middel van ons denke maak ons sekere gevolgtrekkings daaroor: ons vorm opinies / beelde oor hoe die wêreld lyk, hoe mense se koppe werk, wat ek moet doen om te kry wat ek wil hê. Ons ontwikkel 'n lewensfilosofie. Ons ontwikkel sienings oor God, mense, onsself en die wêreld.

- GEVOELENS

Ons emosies het 'n baie groot impak op ons welwese. As ek goed voel is die lewe sommer reg, as ek sleg voel is alles sommer verkeerd. Dallas Willard sê ons gevoelens "leef op die voorste ry van ons lewens soos ongedissiplineerde kinders wat die heeltyd aandag soek."

Soos ons reeds gesien het, is gevoelens direk gekoppel aan ons gedagtes. Gedagtes lei tot sekere gevoelens. Ons dink en dan voel ons. Ons kan tevrede, simpatiek, gemaklik, bly ens. voel.

[12]Ons kan ook kwaad, skaam, verveeld, versigtig, vol selfvertroue, verward, terneergedruk, weersin, woedend, [13]bang, gefrustreerd, skuldig, gelukkig, eensaam, onnutsig, oorweldig en hartseer voel.

Ons gevoelens het groot invloed, nie net op individue, maar ook op groepe en hele samelewings.

Gevoelens het die geneigdheid om te versprei. 'n Gevoel van neerslagtigheid kan in een area van ons lewens begin en dan oorspoel na al die ander areas van ons lewens totdat dit ons hele lewens kleur en beïnvloed. Ons hele lewensuitkyk ly naderhand daaronder.

Gevoelens is aansteeklik. Dit kan soos 'n virus of 'n veldbrand versprei. Naderhand kan dit hele groepe beïnvloed. So word massas opgesweep en kan opstande ontstaan. (Die 'oproerige skare')

- WIL

Op grond van ons denke, wat tot sekere gevoelens lei, neem ons besluite met ons wil. Die wil is die plek waar ons besluit hoe ons gaan optree / of dalk nie optree nie.

Kom ons gaan kyk na 'n verhaal om te sien hoe ons gedagtes en ons gevoelens en wil funksioneer: die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan:

> *“Weet jy, eendag was daar ’n man wat van Jerusalem na Jerigo toe gestap het. Langs die pad het ’n klomp rowers hom ingewag en hom behoorlik toegetakel. Hulle het hom ernstig aangerand, al sy geld en klere gevat en hom daar vir dood laat lê.*
> *“Toevallig stap ’n priester ’n rukkie later daar verby. Maar toe hy die half dooie man daar sien lê, het hy anderkant toe gekyk en gemaak of hy hom glad nie sien nie. Hy het haastig verbygestap omdat hy homself nie onrein wou maak deur aan ’n sieke te vat nie.*
> *“Die priester was skaars weg, of daar stap ’n Leviet verby, iemand wat in die tempel diens gedoen het. Maar hy het ook gemaak asof hy nie die gewonde man raaksien nie en verder gestap.*
> *“Toe kom daar ’n Samaritaan verby. En, soos jy weet, is die Samaritane en die Israeliete nie vriende nie. Maar hierdie Samaritaan het nie soos die ander twee ‘godsdienstige’ Israeliete gemaak nie. Nee, hy het gaan stilstaan om te kyk*

wat die beseerde man makeer. Toe hy sien hoe die arme man lyk, het hy hom baie jammer gekry. Hy het dadelik die medisyne wat hy by hom in sy tas gehad het, uitgehaal en die man se wonde skoongemaak. Hy het hom toe verbind en versigtig op sy donkie getel. Die Samaritaan is toe na die naaste hotelletjie toe. Daar het hy die man in die bed gaan sit en hom warm toegemaak.
"Die volgende oggend moes die Samaritaan verder reis. Hy sê toe vir die eienaar van die hotel: 'Hier is 'n paar honderd rand om vir daardie siek man se verblyf te betaal. Sorg asseblief goed vir hom. As dit nodig is, kry 'n dokter. As die geld te min is, sal ek later die res kom betaal. Ek kom binnekort weer hier oorslaap. Bêre al die rekenings vir my.'

Ons lees dat die Samaritaan gaan stilstaan het om te kyk wat die man makeer. So hy het dus inligting ingeneem deur sy sintuie. Sien die toestand van die man raak. (Sondagskool). Onmiddellik het daar 'n gevoel by hom opgekom: *Toe hy sien hoe die arme man lyk, het hy hom baie jammer gekry*. 'n Gevoel van barmhartigheid, empatie het by hom posgevat. En toe het 'n besluit geneem om iets te doen: *Hy het dadelik die medisyne wat hy by hom in sy tas gehad het, uitgehaal en die man se wonde skoongemaak.* Ens.

Wat van die priester en die Leviet? Het hulle geen gevoel gehad nie? Nee, hulle het ook, net soos die Samaritaan, inligting ingeneem. Hulle het altwee die man raakgesien, hoewel die Leviet gemaak het of hy die man nie sien nie. Maar die gevoel wat by hulle ontstaan het, was anders as die Samaritaan s'n. *Weersin* omdat die man onrein was. *Vrees* vir wat dit aan hom kan doen.

In hierdie wêreld is daar te veel priesters en leviete en te min Samaritane. Dis hoekom die wêreld lyk soos wat dit lyk.

Ons het nuwe harte nodig. Hoe kan ons ons harte nuutmaak? Die slegte nuus is: ons kan dit nie self doen nie. Die goeie nuus is: God kan en Hy wil.

Waar begin ons? Ons begin by ons gedagtes: ons het beheer oor ons gedagtes - nie altyd oor ons gevoelens nie (dis in 'n groot mate onwillekeurig). Daarom sê Paulus in Rom 12:2 [15]

Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag. Dan sal julle ook weet wat sy wil is en hoe julle julle lewe elke dag aan Hom moet oorgee.

Hoe vorm God ons denke? Deur sy Woord en deur sy Gees. Dis die twee instrumente as't ware in die hande van die Here. Ons moet met nuwe ywer die Woord van die Here bestudeer - en ons moet toelaat dat die Here self deur sy Gees ons gedagtes vorm.

Die vrug van die Gees sal dan nie uitbly nie: die eerste drie aspekte van die Gees in Gal 5 is liefde, vreugde, vrede. Dis die komponente van 'n lewe in oorvloed. Dit is al drie ook gevoelens - en die resultaat van nuwe denke - 'n nuwe manier van dink oor God / die wêreld / onsself / mense.

Die res van die vrug van die Gees sal dan ook deel word van ons lewens: ons sal vriendelik wees, goedhartig wees, getrou wees, selfbeheersing hê en ons sal nederig wees.

Dis hoe 'n nuwe hart lyk!

Wil jy 'n nuwe hart hê? Kom ons vra dan die Here daarvoor ...